Beeld 22 September 2004
Deur Heléne Cilliers

TREK NADER 'N DROOMSTOEL VIR LAURIKA

Terwyl sy gesels, verluister ek my aan Laurika Rauch se stem. Nie net wanneer sy sing nie, maar ook wanneer sy praat, weerklink haar opregte deernis met en belangstelling in mense in daardie onmiskenbare stem: rustig, ryk, simpatiek en warm. Die lekkerste is wanneer sy lag: sag en borrelend, met uitbundigheid in haar oë.
Maar dis nie net haar stem wat 'n mens gevange hou nie. Waarskynlik sonder dat sy dit agterkom, wissel daardie twee interafhanklike emosies – vreugde en pyn – mekaar af. Dán om die mondhoek, dán in die oë…
En ek vermoed hierdie is 'n vrou wat nie die lewe as vanselfprekend aanvaar nie.
Hier is iemand wat vreugde kan put, ook uit die klein dingetjies.
Sy bevestig my vermoede wanneer sy vertel van haar geskenke. Soos die dag toe sy agtergekom het dat haar liefdelose kat wel met haar kommunikeer, al hou hy nie van fisieke aanraking nie. Dit was vir haar 'n geskenk.
Om saam met Deon Opperman te werk, soos nou met die Aardklop-produksie Droomstoel, is vir haar altyd 'n groot geskenk – en ook die rede waarom sy haarself, effens vreesbevange vir díe unieke produksie ingelaat het.

Vir *Droomstoel* het Opperman opdrag aan Laurika en haar liriekskrywer-man, Chris Torr, asook aan Amanda Strydom, Karen Zoid, Frank Opperman en Coenie de Villiers gegee om lirieke te skryf vir bekende klassieke melodieë en dit uit te voer.
Laurika is vol lof vir wat Chris reggekry het, veral omdat die twee stukke waarvoor hy lirieke geskryf het – van Piazzola en Samuel Barber – moeilike musiek is om te sing.
Sy gaan haal 'n draagbare CD-speler, die bladmusiek en opnames van die musiek. Aan die hand hiervan verduidelik sy die ingewikkelde frasering en ritmes. "As die gehoor nie my hande op die verhoog sien nie, moet hulle weet ek hou tyd agter my rug", lag sy.

Sy meen Chris het dit reggekry om teks te skryf wat lekker sing en 'n storie vertel. En met haar klassieke musiekopleiding is dit vir haar lekker om haar weer in díe milieu te bevind." Ek voel op my gemak tussen die musici en dis lekker om weer onder sulke streng dissipline te werk."
Waar sy gewoonlik in 'n groot mate fraseer en interprteer soos sy wil, is sy met díe produksie minder vry en moet streng hou by die frasering en note.
Tog benadruk sy *Droomstoel* is nie 'n klassieke konsert nie."Dis herkenbare klassieke melodieë met herkenbare kontemporêre stemme.
Droomstoel is nie a produksie waarin sy by Aardklop te sien sal wees nie. In *Naderby* deel sy die verhoog met slegs een musikant, die pianis, Clinton Waring.

Ná vyf jaar waartydens sy voor groot gehore opgetree het, is die titel vir die produksie gebore uit 'n behoefte om in 'n meer intieme met haar gehoor te verkeer. Mense leef deesdae ver van mekaar, maar deur die loop van die produksie sal die gehoor agterkom hoe hulle al nader aan mekaar beweeg. Die materiaal berskryf menslike verhoudings – hetsy dit liefdesverhoudings is, die verhouding tussen ouer en kind, mens en dier of die mens en homself. Byna die helfte van die liedjies is nuut in haar repertoire.

Een van die verrassings in *Naderby* is 'n vorige treffer *Stille Waters*. Díe lied deur Chris was oorspronklik in Engels geskryf en Laurika en Clinton doen dit as 'n duet in Engels én Afrikaans. Bindingsteks en multimedia stelinkleding deur die TV vervaardiger, Johan Badenhorst, rond die produksie af.

Toekomsplanne het sy eintlik nie, behalwe om besig te bly. Daar was die CD in Maart (*My ou Tante Koba*) en einde vandeesmaand word haar 18de album in 25 jaar, *Die nuwe Trefferalbum*, uitgereik. Tussenin was daar ook 'n DVD van die Kyknet reeks *Kom laat ons sing*, waarin sy die kyker op 'n reis neem deur die gekiedenis van ligte Afrikaanse musiek.

Sy het meer werk as wat sy kan doen, se Laurika. Nogtans probeer sy vernuwe met materiaal en uitdagings. Sy geniet die oorsese optredes by Ukkasie, is lief vir reis en om nuwe gehore te ervaar.

Haar gebrek aan toekomsplanne geld nie toekomsdrome nie – dit het sy wel. Oor sommiges sal sy praat, oor ander nie, maar om nog baie te reis is een van haar besliste drome.

Teen die tyd is die tee al yskoud in die pot – haar splineternuwe outydse teepot, nog een van die vreugdes in haar lewe.

Halfpad huis toe betrap ek myself steeds met 'n glimlag op die gesig en ek besef: Wanneer jou pad met Laurika s'n kruis, al is dit kortstondig, is dit óók 'n geskenk.